



JvR ALUMNI VERENIGING



Navrae: Helena le Roux
jvralumni@gmail.com / 082 461 9753

Geagte Oudskolier

IN SAKE: JvR ALUMNI BEURSFONDS

Namens JvR Alumni, die vereniging van Hoërskool Jan van Riebeeck (JvR) se oudskoliere, stel ek u graag bekend aan die nutgestigte JvR Alumni Beursfonds. Daarmee word ten doel gestel om te sorg dat dieselfde gehalte onderrig wat u bevoorreg was om by Jan van Riebeeck te ontvang, ook in die toekoms vir potensiële presteerders en verdienstelike kinders by JvR beskikbaar sal wees.

Hoërskool Jan van Riebeeck, wat vanjaar sy 90ste bestaanjaar vier, is die enigste oorblywende Afrikaanse skool in die Kaapstadse metropool. Sowel sekondêre en tersiêre onderwys in Suid-Afrika staan midde-in groot omwenteling en onstuimigheid. Vir JvR Alumni is dit van kardinale belang dat die voorreg van Afrikaans-medium moedertaal onderrig op hoërskoolvlak by JvR steeds in die toekoms vir belowende Afrikaanssprekende leerlinge uit alle oorde en gemeenskappe beskore sal wees. Geslagte JvR-oudskoliere het hul merk wêreldwyd op talle terreine gemaak. Ons glo dat JvR vandag meer as ooit tevore vir al sy kinders 'n venster na die wêreld moet kan bly bied.

Dit is vir ons 'n saak van erns dat die voortbestaan van ons tradisieryke skool beveilig word. JvR moet in staat bly om in die snel veranderende omstandighede van die hede 'n heenkome te kan bied vir potensiële presteerders en verdienstelike kinders uit die Afrikaanse gemeenskap van oraloor. Daar is talle belowende kinders wat weens finansiële beperkings nie sonder hulp by die skool sal kan inskryf nie. Hou bv. die volgende feite in gedagte:

- Die Staat dek slegs ongeveer 27% van die skool se bedryfskoste, feitlik slegs die salarisse van departementele personeel. Die ouers moet dus 73% van die totale onkoste, insluitend die salarisse van ongeveer die helfte van die onderwyskorps, voorsien.
- Skoolgeld is uiteraard beduidend verhoog sedert u hier skoolgegaan het. In 2017 sal die skoolgeld R26, 488.00 en die koshuisgeld R26,611.20 per jaar beloop.
- Talle gesinne is geregtig om ingevolge die SA Skolewet in ooreenstemming met 'n statutêre glyskaal, op hul inkomste gebaseer, op kortings of vrystelling van skoolgeld aanspraak te maak, wat 'n nog groter finansiële las op die oorblywende ouers plaas om die skool te dra.
- Huisvesting in die onmiddellike voedingsgebied van ons skool is besonder duur, met die gevolg dat 'n groot aantal leerders óf ver moet reis óf in die koshuis moet woon. Dit is nou baie moeiliker as in die verlede om leerders uit die skool se tradisionele voedingsgebiede na die koshuise te trek.
- Bykomend tot die skool- en koshuisgelde is daar vir elke leerling noodwendig bykomende koste t.o.v. handboeke, skryfbehoeftes, skoolklere en sport- en kulturele aktiwiteite.

Ons doen daarom 'n beroep op ons JvR-oudskoliere om, in erkentlikheid en ter viering van die voorreg van hul JvR hoërskoolloopbaan, 'n bydrae te maak tot die JvR Alumni Beursfonds. Dit sal help om ook aan toekomstige geslagte belowende Jan van Riebeeckers soortgelyke geleenthede te bied en hul die grootste moontlike geskenk, HOOP, te gee. Elke bydrae, hoe gering ookal, sal opreg waardeer word. Bydraes sal soos volg geadministreer word:

- Alle bydraes word oorbetaal aan Die Hoërskool Jan van Riebeeck 100 Gedenktrust wat by die Meester van die Hoë Hof, Kaapstad, geregistreer is (verwysing IT 2836/2012) en die nodige belastingvrystelling van die SAID ontvang het. Art 18A-sertifikate vir belastingaftrek-baarheid kan dus aan skenkers uitgereik word (SAID verwysing: PBO nr 93042576).
- Die Gedenktrust skenk die fondse dan aan die skool met die oogmerk om beurse te befonds, maar die Trust sal nie self die toekenning of administrasie van die beurse behartig nie. Dit sal deur die skool gedoen word.
- Indien 'n donateur 'n spesifieke leerder wil borg kan dit gedoen word deur middel van 'n private ooreenkoms tussen die partye en die trustees van die Gedenktrust sal dan nie die fondse ontvang nie.
- Die beurse is onderworpe aan jaarlikse prestasie-beoordeling, oorweging van bevredigende vordering en betrokkenheid by skoolaktiwiteite.

As hierdie beroep 'n snaar by u geraak het, voltooi asseblief dan die meegaande vorm en stuur dit terug aan jvralumni@gmail.com

Vriendelike groete.

Louis Boshoff
Voorsitter: JvR Alumni

Bestuur: Louis Boshoff (voorsitter), Rian Maartens, Johan Loubser, Pienaar Welleman, Helena le Roux, Kim Kritzinger, Christoff Pauw.

Adres: p/a Argief, Hoërskool Jan van Riebeeck, Kloofstraat 129, Kaapstad 8001



JvR ALUMNI VERENIGING



Navrae: Helena le Roux
jvralumni@gmail.com / 082 461 9753

Beraamde koste per leerder vir 2017

| | |
|------------------------------|-------------------|
| Skoolfooie | R26, 488.00 |
| Koshuisfooie | R26,611.20 |
| Handboeke | R1,000.00 |
| Skryfbehoeftes | R500.00 |
| Skoolklere | R1,000.00 |
| Sport- en kultuuraktiwiteite | R600.00 |
| Koshuis: Diverse fonds | R1,000.00 |
| | R57,199.20 |